

Talking about diversions. Somewhere, in a prominent place, should be a map which may be pulverised with little pins holding differently coloured labels "reporting" topical news from various activity centres: "Algiers: French troops, supported by helicopters killed 43 Algerian rebels", "Vatican City: The Pope celebrates eightieth birthday", "Washington: Eisenhower fit for another campaign", "Cape Town: South Africa Act Amendment Act promulgated". A great deal of discussion will probably follow on "World News Flashes" reporting from London that "Tom van Vollenhoven is Rugby Film Star", from Johannesburg that "Holt is points winner", from Pakistan that a cricket umpire was "ragged" by the players. Properly controlled, even these "Historical" events can be both entertaining and enlightening.

Excursions of an historical interest should form an integral part of a school's students high school syllabus. A visit to the Makapan or Sterkfontein caves will stimulate the pulse of the History class. The teacher on the Reef has an advantage: Visit the Africana Museum in the morning with your standard six class; have lunch at a restaurant and attend matinee in the afternoon if you don't want to see more sights.

These jottings are of necessity brief as they are submitted mere as a lead for keeping the teaching of History alive, bearing in mind that "Truth lies within a little and certain compass, but error is immense" (Viscount Bolingbroke). Any criticism, whether adverse or favourable, would be most welcome provided the nett result is towards a more positive and constructive approach to teaching methods and consequently bringing the scholar a step nearer to the ultimate goal of "useful citizenship."

## DIE BEHOEFTE AAN 'N NASIONALE PRENTE-KABINET

deur

W. J. DE KOCK

**D**IE gedagte aan 'n sentrale prente-kabinet vir ons vaderlandse geskiedenis is sekerlik niks nuuts nie. Vaagweg is daar al dikwels oor gepraat en geskryf maar tot hede is die enigste pogings tot verwesenliking daarvan nog taamlik ver van die ideaal verwyderd.

In die onderwys word sonder teenspraak die waarde van aankouingsmateriaal in die vorm van foto's, prente, tekeninge, landkaarte, films, filmstrokies en lanternplaatjies as kragtige en haas onontbeerlike hulpmiddel by die mededeling van kennis aanvaar. Dit geld by uitstek

vir 'n vak soos geskiedenis. En dit geld nie net ons jeugdige nie, maar ook byna elke volwassene — selfs dié wat op skool so 'n ewige hekel aan geskiedenis gekry het omdat hulle „die verkeerde onderwyser gehad het.”: 'n treffende voorstelling van persone, gebeure, geboue en plekke uit die geskiedenis prikkel die belangstelling oneindig meer as 'n blote mededeling van geskiedkundige feite oor presies dieselfde onderwerp.

Ons kan met veiligheid van die standpunt uitgaan dat prentemateriaal nie alleen 'n effektiewe middel is om belangstelling in die dinge van gister by groot en klein op te wek nie, maar vanself ook 'n spoorslag sal vorm om onverskilligheid teenoor die bewaring van ons erfgoed in die hand te werk sover dit die sorg van die foto's en dokumente in familie-besit betref waarvan ons in die verlede al soveel deur gruwelike onkunde of agtelosigheid verloor het.

Dit alleen — die moontlikheid om op landswye grondslag waar-dering vir die bewaring van die onvervangbare *Ueberreste* van die verlede te kweek — behoort sekerlik genoegsame regverdiging te wees vir 'n planmatige voorraadopname van ons geskiedkundige foto-materiaal.

Dis nie die bedoeling om hier in besonderhede te tree oor die moontlikhede wat so 'n onderneming bied of die presiese metode wat gevolg moet word ter verwesenliking daarvan nie. Daarop kan by 'n latere geleentheid teruggekom word. Voorlopig alleen 'n aanduiding van die ideaal wat nagestreef kan word:

- 1 Die samewerking van alle staatsdepartemente, provinsiale owerhede, inrigtings en individue (ook buite die Unie) wat in besit is van skilderye, tekeninge, sketse, landkaarte en foto's (oorspronklike of afdrucke) wat op die geskiedenis van Suidelike Afrika betrekking het, met die doel om 'n nasionale prente-kabinet (repertorium) op te stel.
- 2 Die maak van minstens een (verkieslik meer) negatiewe van elke skildery, foto, skets of kaart wat historiese waarde het en op die oomblik onder die sorg van 'n departement, biblioteek, argief of private versamelaar berus, met 'n duidelike afdruk van minstens  $6\frac{1}{2} \times 8\frac{1}{2}$  dm. elk.
- 3 Die aanvulling van bestaande foto-materiaal deur middel van reproduksie uit boeke van alle bruikbare illustrasies wat op die Suid-Afrikaanse geskiedenis betrekking het — 'n ryke bron waarvan nog betreklik weinig gebruik gemaak is.
- 4 Die eventuele opbou van 'n nasionale prente-kabinet waarin aan elke negatief 'n volgnummer toegeken sal word wat slaan op 'n katalogus met aanduiding van die aard en herkoms van die oorspronklike.
- 5 Landswye beskikbaarstelling op aanvraag (met die nodige voorsorg

teen winsbejag by kommersiële gebruik) van die afdrukke uit die nasionale prente-kabinet, op die volgende wyse:

- (a) aan onderwys-owerhede vir die maak van strokiesfilms, kort dokumentêre prente en tema-albums met geskiedkundige prente vir verspreiding onder skole.
- (b) aan biblioteke en musea vir tydelike uitstalling in verband met gebeure van aktuele belang, soos herdenkingsfeeste i.v.m. persone en gebeurtenisse.
- (c) aan navorsers, die pers, buitelandse aanvraers en staatsdepartemente wat die beste outentieke verlugtingsmateriaal oor 'n bepaalde tema nodig het.

Tot sover dan die doelstelling. Daarby word geensins uit die oog verloor die lang reeks praktiese besware wat die uitvoering in die weg mag staan nie: finansiering, die toepassing van kopie-reg, die beheer van winsbejag, die hantering van selfsugtiges onder die versamelaars wat op lewe en dood aan 'n vergeelde foto sal vasklou liever as om *pro bono publico* die maak van 'n afdruk daarvan toe te laat. En dan is daar ook nog amptelike jaloesie van inrigting teenoor inrigting wat mekaar selfs by die verwerwing van wat tog per slot van rekening aan ons volk as geheel behoort, graag 'n vlieg probeer afvang.

Laat ons die hoop koester dat ons pasgestigte Historiese Genootskap naas sy verklaarde oogmerke ook peetvader van die gedagte sal word om aan ons kinders en onself Suid-Afrika se kleurvolle geskiedenis in beeld daar te stel. Ons het die materiaal; dit lê oral rondom ons. Al wat nodig is, is stelselmatige versameling en ko-ordinasie op Uniale grondslag met samewerking van alle belanghebbendes.

## DIE EERSTE DIPLOMATIEKE VERTEENWOORDIGING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK IN ENGELAND

deur

A. N. PELZER

**M**ET die onafhanklikheids erkenning van die Suid-Afrikaanse Republiek deur Engeland in 1852, het die Boeregemeenskap ten noorde van die Vaalrivier dié mate van staatkundige volwassenheid bereik dat dit sy betrekkinge met buitelandse moondhede selfstandig kon reël. Tog het dit nie onmiddellik gebeur nie. Hiervoor kan baie en goeie redes aangevoer word.

Daar dien op gelet te word dat die Sandrivierkonvensie 'n selfstandige maar geensins volgroeide staat, in die lewe groep het nie. Veel sou nog gedoen moes word om die eie interne sake behoorlik